**Dinsdag 24 Januarie**
**Skrifgedeelte: Titus 3:1-11**
**Fokusgedeelte: Titus 3:2, 5b (AFR53)**
**Hoe heiligmaking sigbaar word in ons verhouding met ander mense**

In die brief aan Titus word telkens aangetoon hoe die gesonde leer daagliks ’n uitwerking op ons gelowiges se lewens het. In vers 4 tot 7 word die verlossingsleer uitgespel. Onder andere skenk die Heilige Gees wedergeboorte en vernuwing. Die wedergeboorte besorg aan die sondaar ’n heel nuwe lewe om te leef en nie maar net ’n nuwe begin in die lewe nie. Aangesien ons nog swak is, werk die Heilige Gees vernuwend of heiligend in ons gelowiges. Hy maak die gelowige hoe langer hoe meer heilig om verantwoordelik die nuwe lewe te lei.

Hierdie heiligende werk van die Heilige Gees werk deur na ons tonge en ons gedrag. Wat ons tonge betref, ons let goed op na wat ons van en vir ander mense sê. Gelowiges belaster niemand nie. Dit wil sê, jy praat niks agter enigiemand anders se rug nie. En jy sê ook nie in sy gesig om ’n bakleiery uit te lok nie.

Mense wat heilig word, tree vriendelik en sagmoedig teenoor hulle naaste op. Vriendelikheid en sagmoedigheid is twee dele van die vrug van die Gees waarmee gelowiges hulle God en Verlosser teenoor ander mense verteenwoordig. Dit is die vriendelike aangesig van God wat sondaars na Hom toe aantrek. As ons mense na Christus toe wil aantrek, moet ons vriendelik wees teenoor hulle.

Sagmoedig beteken nie jy is ’n papperd wat deur almal rondgestamp word nie. Ons Here Jesus noem Homself sagmoedig. Sagmoedig beteken jy is ferm en terselfdertyd selfbeheersd in jou optrede. Jy wend jou krag positief en tot opbou van ander mense aan.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*

*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*